Shelley meesterlik in sy vertolking

Pieter Kooij

Galakonsert van die Vriende van Orkesmusiek
Kaapstadse stadsaal
★★★★★

Mozart en die Britse dirigent/pianis Howard Shelley was die sterre van Donderdagaand se simfoniekonsert.

Die Galakonsert is deur Die Vriende van Orkesmusiek gereël.

Die Kaapstadse Filharmoniese Orkes is in 'n program van drie werke van Mozart deur Shelley gedirigeer en hy het ook as solis in twee klavierconcerto's opgetree.

Shelley, wat reeds in 1977 en 1980 met Mozart se Klavierkonsert in C mineur en Rachmaninoff se Paganini-Variasies saam met ons orkes bekoor het, se roemryke loopbaan sluit meer as 150 CD's in.

Die orkes is tot die gebruiklike Mozart-orkes verklein. Die stadsaal is groot, maar het 'n goeie akoestiek en die orkesklank en -balans was ideaal vir Mozart se Simfonie no. 35 in D majeur (Haffner).



Howard Shelley

Shelley het met fyn aanvoeling gedirigeer. Die energieke hooftema van die eerste deel strek oor twee oktawe en is dominerend.

Die enkele eggo-effek in die tweede deel was baie treffend, veral omdat die effek nie in die derde deel herhaal is nie.

Die voortylende vaart van die finale het Shelley uitstekend beheer en die vinnige tempo is opwindend volgehou.

Vir die twee klavierconcerto's is die groot vleuelklavier se deksel heeltemal verwyder en Shelley het met sy rug na die gehoor gesit. Só kon hy volle oogkontak met al die lede van die orkes kry.

Hy dirigeer en speel sonder enige maniërismes. Sy vertolking getuig van diepsinnige musikaliteit, pragtige toonklank en fyn aanvoeling vir styl.

Die eerste deel van die Klavierkonsert in B mol majeur K. 456 had ondertone van romantiek wat die verrassings van ritme- en toonaardveranderinge onderstreep het.

Ná die pouse was die manjifieke Klavierkonsert in D mineur K. 466 aan die beurt. Shelley se meesterlike virtuositeit en innige poëtiese aanvoeling het hierdie vertolking haas onvergeetlik gemaak.

■ **Die konsert is aan Ruth Allen opgedra. Sy word binnekort 90 jaar oud en is steeds 'n onblusbare ondersteuner en beskermvrou van die orkes.**